VERJAARSDAE : 18—24 OKTOBER 2009

10/18	LANÉ-LOUIS	PRINSLOO	TRICHARDTWEG 2	Blok 1
10/19	ELRINDA	SWIEGELAAR	RIEBEECK WS 10	Blok 1
10/19	JACO	VAN VUUREN	VAN RIEBEECKLN 158	Blok 2
10/19	ELMIE	STEYN	PRETORIUSSTR 55A	Blok 4
10/20	HEINRICH	OELOFSE	VAN RIEBEECKLN 17	Blok 4
10/20	HENTIE	BOTHA	STRELITZIA WS 8	Blok 1
10/21	ANDRIES	UYS	SMUTSLN 120	Blok 3
10/22	LYNNE	OOSTHUIZEN	CANTONMENTSWEG 22	Blok 3
10/22	LEON	ENGELBRECHT	HANS STRIJDOMLN 21.	Blok 4
10/23	DONNA	FERREIRA	HANS STRIJDOMLN 193	Blok 2
10/23	JOHANN	VILJOEN	REESTLAND WS 3.	Blok 1
10/24	JAN	MOSTERT	DF MALANLN 104	Blok 3

BANTU HLANGANANI (Mense kom bymekaar): WERKSWINKEL VIR NAALDWERKGROEPE

Alle vroue in die gemeente/ gemeenskap word uitgenooi om saam met CMR Lyttelton, Ivory Park en Ebony Park te kom deel in die groei van die handwerkprojekte van Centurion en omgewing. Die groepe se artikels sal uitgestal word en geskenke word oorhandig.

'n Praktiese werkswinkel met 'n demonstrasie oor hoe om 'n halssnoer te maak van houtkrale, gaan aangebied word.

Plek: NG Gemeente Kloofsig
Datum: 7 November 2009
Tyd: 08:30

Indien u " Bantu Hlanganani" wil bywoon of 'n skenking wil maak, skakel asb met die maatskaplike werker, Anel Roux of sekretaresse, Annamarie Steyn van CMR Lyttelton, telefoonno. (012) 664-5837 / 664-0901.

Vriendelike groete

MEV M C ROUX

MAATSKAPLIKE WERKER

(MEER INLIGTING VOLG LATER)

חי

Dr Liandi Fourie

MBChB(Pret)

Algemene Praktisyn

Ons passie is
volhoubare gesondheid
dmv 'n natuurlike benadering,
lewenstylbeplanning
en natuurlike produkte.

Chris Hougaardstraat 324
Wierdapark
012-6530564

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

FAMILIENUUS

Sondag, 18 Oktober 2009

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 18 OKTOBER
Deurkollekte : Jeug
Sakelys: Kerkraadsvergadering

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens: Freddie Schoeman
Ontmoeting met al die ouers van kinders in die Senior Kategese
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

MAANDAG, 19 OKTOBER

19:00 Erediens en Omgeebediening verg.

DINSDAG, 20 OKTOBER

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 21 OKTOBER

1700 Biduur
19:00 Kerkraadsvergadering

DONDERDAG, 22 OKTOBER

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

VRYDAG, 23 OKTOBER

18:00-22:00 Jeug: OppiKoffie

SATERDAG, 24 OKTOBER

08:00: Gesinne: Nader aan Mekaar

SONDAG, 25 OKTOBER
Hervormingsondag
Oesfees
Deurkollekte Motorwag

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kindereredienste
18:00 Aanddiens:
18:45 Kategese / Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier / speel saam

DINSDAG, 27 OKTOBER

09:00 Sustersbiduur/Bybeltudie

WOENSDAG, 28 OKTOBER

17:00 Biduur

DONDERDAG, 29 OKTOBER

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Johan en Hester Gerber, DF Malanln 133 met Hester wat 'n knie-operasie ondergaan het (Blok 3)
2. Johan en Elize de Beer, Krugerlaan 218 met Johan wat nou in Universitas-hospitaal in Bloemfontein opgneem is (Blok 2).
3. Maude van Loggerenberg, Krugerln 290 wat geval en erge beserings opgedoen het. Sy herstel tans tuis na 'n operasie aan haar elmboog. Die enkel is in 'n "skoen". (Blok 1).
4. Willie en Theresa Smith, Hans Strijdomln 235 met Theresa wat in die hospitaal opgeneem is (Blok 1).
5. Ons dink in besonder aan Gustav en Heleen Venter, Bettystr 379 met Gustav wat rekonstruksie-prosedure ondergaan het na die kaping (Blok 1).
7. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog steeds wag op 'n skenker vir 'n nieroorplanting. (Blok 2). Ons vra voorbidding vir die hele gesin.

LIEWE OUERS VAN ONS SENIOR JEUG : GR 7—12

Ons wil **ASSEBLIEF** 'n vergadering met u reël vir Sondagaand - direk na aanddiens - op die 18de Oktober 2009. Dit is regtig belangrik dat u daar sal wees.
Ons het 'n paar belangrike punte wat ons onder u aandag wil bring en bespreek en ons het elkeen se inset te nodig hierin.

Ons sien uit daarna om u daar te sien.

Madelaine Steyn Sel: 082 354 2455

GEBEDSBRIEF : SONDAG 18 OKTOBER 2009

Goeie Môre Gemeente

Dié van u wat nie by die kamp was verlede naweek nie het regtig 'n fees gemis. Die samehorigheid, kuier en pret was ongelooflik. Ons het regtig 'n familie geword en het die heeltyd aan u tuis gedink en gewens u was ook daar. Volgende keer KOM SAAM.

So gepraat van families, kom ons kyk hoe om vir huwelike en gesinne te bid.

Daar is 'n geweldige aanslag op die gesinslewe. Daar was waarskynlik nog nooit 'n tyd in die geskiedenis waar die huwelik en gesinslewe aan soveel druk onderhewig was nie. Doelgerigte, sistematiese, intelligente en volhardende gebed is op hierdie terrein nodig.

GESINNE

Bid vir die Man

Bid dat hy sy vrou sal liefhê soos Christus die gemeente liefgehad het.

Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos wat Christus die kerk liefgehad het en sy lewe daarvoor afgelê het ... Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame ... hy voed en versorg dit soos Christus met sy kerk doen ..(Ef.5:25-32)

Mans, julle moet julle vrouens liefhê, moet die lewe vir hulle nie bitter maak nie. (Kol.3:19)

Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder. (1Pet.3:7)

- Bid dat die man sy priesterlike taak in die huis sal uitvoer deur geestelik leiding in die huis te neem en vir sy gesin te bid.
- Bid dat die man die gesag wat die Here aan hom gegee het, reg sal gebruik en dit ook nie aan die vrou sal afstaan nie.
- Bid dat die man verstandig met sy vrou sal werk. Bid vir die man, vir geduld met sy vrou en vir selfbeheersing t.o.v sy gesin
- Bid dat hy sy vrou se behoeftes aan liefde, geborgendheid en sekuriteit sal raaksien, saam met al haar behoeftes, en daaraan aandag sal gee.
- Bid dat die man die leiding sal neem (geestelik sowel as op sosiale vlak) in die huis en dat hy sy gesin goed sal versorg.

Bid vir die Vrou

Bid dat die voru in alles aan haar man onderdanig sal wees soos die gemeente in alles aan Christus onderdanig is. (Ef.5:22-24).

Net so moet julle, vrouens, aan julle eie mans onderdanig wees, sodat, as sommige

McDONALDS!!!!

Ja dis weer sulke tyd! Kom werk vir die Jeug Dinsdag die 13de en Dinsdag die 20ste by McDonalds. Die fondse gaan vir die klankprojek van die kerk.

Ons het 8 kinders per aand nodig. Julle moet tekkies of toe skoene aantrek en langbroeke asseblief. Kom geniet dit saam met ons.

Vir meer inligting, skakel my by 082 354 2455

Sien julle daar! Tannie Madelaine

* * * * * * * * * *

Liewe Gemeente/ouers

Ons wil graag 'n ernstige beroep op u doen om asseblief ons die 20ste te kom ondersteun. McDonalds se bestuur het na die paar keer wat die Jeug daar gaan werk het nie juis 'n verhoging in hulle verkope ervaar nie en as gevolg hiervan gaan hulle moontlik nie in die toekoms ons meer toelaat om daar te werk vir fondsinsameling nie. Dit is te verstane want hulle gee 10% van hulle wins en as hulle nie die 10% opmaak in die 2 ure nie is dit vir hulle 'n verlies.

Dus vra ek u - nee smeek ek u - om asseblief die Jeug te kom ondersteun Dinsdag van 18:00 tot 20:00. Net in daardie tyd, dit is wanneer dit vir ons tel. Hulle gee ons as kerkinstansie 'n laaste kans anders gaan hulle die "spot" vir 'n skool gee.

Dit is vir ons baie belangrik want dit is 'n groot insameling. Die eerste keer het ons R1700 ontvang en die 2de keer R2400. Ons wil die volgende insameling se geld skenk vir die klanktoerusting omdat dit vir ons as Jeug ook belangrik is dat die klank behoorlik werk en reg is vir ons doel.

Seblief Gemeente HELP!!!!!

Jesus Groete

Madelaine

JEUGBESTUURSPAN
VERGADERING SONDAG 18 OKTOBER NA EREDIENS

Ons wil asseblief 'n vergadering hou Sondagoggend die 18de Oktober net na die diens in die bokamer. Die persone hierby betrokke is:

Ds Freddie	Krige
Bianca	Arrie
Madelaine	Barbara
Lizanne	Tania
Janita	Alma

Die begroting moet opgestel word vir volgende jaar so bring asb syfers saam en laat weet Madelaine of daar enige punte op die Agenda is wat julle wil bespreek. Dis belangrik dat u daar is, asseblief.

GEBEDSNETWERK

Kom ons begin mekaar as geloofsgesin daadwerklik te ondersteun deur deel te word van ‘n gebedsnetwerk.

HOE WERK DIT?

Jy neem verantwoordelikheid vir twee / drie gesinne. Dis jou verantwoordelikheid om hierdie gesinne gereeld te kontak en te verneem waarvoor voorbidding gedoen kan word. Daar moet elke dag vir die gesinne gebid word.

Jy is óók deel van iemand ander se verantwoordelikheid. Iemand anders kontak jou en jou gesin gereeld en doen vir julle voorbidding.

Vertroulikheid word ten alle tye gehandhaaf. Geen inligting mag sonder toestemming verder gekommunikeer word nie.

So bemoedig en versterk ons mekaar se geloof.

Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s’n en julle deur myne. (Romeine 1:12)

HOE WORD EK DEEL?

Indien jy op die gemeente se sms-databasis is, sal jy van-oggend ‘n sms ontvang. Reageer deur te “reply”: “Opsie 1” of “Opsie 2” of “Opsie 1 en 2”. (Indien jy nie ‘n sms ontvang nie of nie deel van die databasis is nie, stuur ‘n sms aan 084 581 8139.) Indien jy reeds gereageer het, ignoreer asb. die sms.

Opsie 1 beteken: Ja, ek wil graag hê dat iemand my gereeld kontak en vir my bid.

Opsie 2 beteken: Ja, wil / is bereid om twee of drie gesinne gereeld te kontak en vir hulle te bid.

KOM BID SAAM!

Sondagoggende vanaf 08:00 in bo-kamer
Ons bid vir:

- die erediens
- ons gemeente
- spesiale versoeke (terugvoerkaarte)

Kom berei jouself geestelik voor vir die erediens
Kom wanneer jy kan, bly solank jy wil, gaan wanneer jy moet …
Wanneer gelowiges bid sidder die duiwel

Aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vroue sonder woorde gewin kan word as hulle jul reine, godsvresende wandel aanskou. Julle versiering moet nie uiterlik wees nie: haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie, maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God. (1 Pet.3:1-3)

'n Vrou moet aan haar man eerbied betoon. (Ef.5:33)

Bid vir 'n stil en sagmoedige gees en dat die vrou sal weet wanneer om stil te bly. Bid vir die vrou vir geduld met haar man.

- Bid dat die vrou haar man sal respekteer en nie sal probeer om hom te oorheers en aan hom voor te skryf nie.
- Bid dat sy nie oor haar man sal kla nie, maar hom sal respekteer en sal soek om haar man se behoeftes te vervul.
- Bid dat die vrou haar man se leiding sal aanvaar.
- Bid dat die vrou ook sal weet dat haar man 'n mede-sondaar is, dat sy geduld sal hê met sy foute en dat sy hom die vryheid sal gun om homself te wees.
- Bid veral teen 'n dominerende houding by die vrou (veral in gevalle waar die vrou in baie opsigte geestelik sterker as die man is) wat oneidinge skade aan die kinders kan aanrig.
- Bid ook teen enige vorm van manipulasie deur die vrou. Manipulasie is altyd negatief.

<u>Bid vir Kinders</u>

Bid vir gehoorsaamheid aan en respek vir hulle ouers.

- Bid vir hulle redding en vir die wat reeds gered is, se geestelike groei.
- Bid vir hulle fisieke groei, gesondheid en goeie eetgewoontes.
- Bid vir hulle opvoeding en sportaktiwiteite.
- Bid vir hulle verstandelike ontwikkeling en vir groei in wysheid en kennis.
- Bid vir die gesagsfigure wat daagliks met hulle te doen het: onderwysers, sportafrigters, ouers, oupas, oumas, ensovoorts.
- Weerstaan die Bose wat sal probeer om hulle lewens te verwoes.
- Bid reeds van vroeg af vir hulle vir die regte beroepskeuses.
- Bid dat hulle God en sy Woord sal liefhê en bid vir hulle vir lewensvreugde.

<u>Algemeen</u>

Bid teen die gees van egskeidings, wellus en onreinheid.

- Bid ook vir: saamwonery, huweliksontrou, kindermolestering, selfmoord alkohol- en dwelmmisbruik. Vir Verhoudings, kommunikasie, teen misverstande gemaksug, jaloesie, drankmisbruik ensovoorts.
- Bid vir vergewingsgesindheid en misverstande.

Sjoe, dit was 'n mond vol. Hoop julle het 'n ongelooflike week!!

Jesus Groete : Gebedsgroep

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloof-offer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

VAKANSIE BY MARLOTHPARK ...

Geniet 'n heerlike vakansie terwyl die Parknaval met die netto opbrengs begunstig word.
Geleë teen die Krokodilrivier tussen Malelane en Ko-matipoort +- 90 km vanaf beide Maputu en Swaziland.

3 x Dubbelbed en suite kamers; 1x Bo vertrek (Loft) met 4 enkel beddens; totaal 10 persone. Tarief: R200 Volwassenes R150 Kinders 6-18 jr per persoon per dag

Vir besprekings kontak Heinz Meissner : Tel 012 664 3759 / Sel 082 806 8530
e-pos heinzmeissner@vodamail.co.za

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

19 Januarie 2010—23 Maart 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

RUSOORD : LENTEMARK—FONDSINSAMELING

31 Oktober 2009 (van 08:00 -12:00)

Die fondse word gebruik om verswakte bejaardes te help wat nie finansieel instaat is om die volle versorgingskoste te betaal nie.

Ons benodig nog die volgende:

- Baie items vir ons witolifanttafel. Dis die ideale tyd om u motorhuis, stoorkamer en kaste deur te werk en alle items wat in onbruik verval het, vir Rusoord te skenk.
- Breekgoed, potte en panne.
- Tuinmeubels vir 'n nuwe tuin wat ons vir die altzheimerpasiënte wil inruim.

Kom maak ook 'n draai by die môremark. Daar is heerlike eetgoed, tuisgebak en lekkers te koop. Ons maak staat op u ondersteuning.

KLUB IMMERGROEN KERSETE

Alle gemeentelede 60 jaar en ouer word genooi na 'n gratis Kersete in die Gemeentesentrum op SATERDAG,
31 OKTOBER 2009 OM 12:00.

Maak net asseblief seker dat u naam aan een van ondergenoemde komiteelede deurgegee word.

Vervoerreëlings indien benodig, kan gereël word.KLUB

IMMERGROEN : KOMITEE 2009

Rina van der Merwe	Van Riebeeckln 149	664-2469
Bubbles Burger	Van Riebeeckln 13	664-3388
Tokkie Botha	Van Riebeeckln 204	664-4829
Ria Briedenhann	Moltenoweg 2	644-0663
Toeks Steyn	Hans Strijdomln 19	664-4393
Yvonne Schulze	Fitzpatrickweg 13	664-3379
Hennie Haupt	Langebrinkweg 49	664-3254
Ria Maree	Fitzpatrickweg 21	664-3364
Heleen Nel	Hans Strijdomln 51	664-2276
Alet Venter	Gloverln 196	664-3282
Thea Neser	Hans Strijdomln 46	664-4717

!! OESFEES !!

Op 25 Oktober na die erediens hou ons oesfees!

Alle gemeentelede word uitgenooi na ‘n gratis potjiekos-ete—bring slegs jou eie sitgoed, eetgerei, drinkgoed en tafeldoek—die res word voorsien.

Dis die kerkraad se manier om dankie te sê vir almal se getroue ondersteuning van die werk van die Here die afgelope jaar.

Dankie vir jou tyd, moeite en energie wat jy ingesit het om op vele terreine te help en hand te gee. Dankie vir jou kreatiwiteit, idees en voorstelle. Dankie vir jou entoesiasme, positiewe ingesteldheid en goedgesindheid. Dit het die gemeente in staat gestel om in baie mense se lewens in te bou en ‘n verskil te maak.

TIENDEMAAND

Oktober is dankie-sê maand!

Nie net wil die kerkraad vir die gemeente dankie-sê vir die werk die afgelope jaar deur ‘n gratis potjiekosete nie, maar ons wil ook vir elke lidmaat geleentheid gee om vir die Here dankie te sê vir sy liefde en trou wat Hy elke dag aan ons bewys.

Almal sal ‘n koevert gedurende die volgende week of twee ontvang. ‘n Brief en ‘n kleiner koevert sal daarby ingesluit wees. Plaas jou tiendemaand bydrae in die kleiner koevert bring dit saam met jou na die erediens enige Sondag gedurende Oktober.

Ons wil graag volgende jaar groot projekte, veral rondom ons kinders, aanpak. Genoeg hulpbronne in terme van finansies en toerusting is hiervoor nodig. Die gemeente se ondersteuning hiervoor is onontbeerlik en elke bydrae word baie hoog op prys gestel.

!! BAIE DANKIE !!

OMGEEBEDIENING

Doel: Om mense in ons gemeente wat in nood verkeer om welke rede ook al met liefde en deernis by te staan.

Dit gebeur dikwels dat die onverwagte gebeur: siekte, dood, krisis (inbraak, kaping ens.), finansiële terugslag, werksverlies of –nood. ‘n Gemeente moet gerat en georganiseerd wees om mekaar hierin by te staan op een of meer van die volgende maniere:

- Besoeke om te bemoedig en by te staan
- Praktiese hulpverlening (maaltye, ens.)
- Mediese en ander soortgelyke hulp
- Finansiële bystand
- Ander praktiese dienslewering

Daar is ook ander vorms van nood soos: eensaamheid, bewegingsbeperktheid en verlies van allerlei aard. Die Here het aan sommige van ons spesifieke gawes en talente gegee wat ons kan aanwend om mense in nood by te staan.

VOLGENDE BYEENKOMS: Maandag 19 Oktober om 19:00 in die gemeentesentrum.

ROMMELVERKOPING VIR BYBELVERSPREIDING

Die Getuienisaksie se volgende rommelverkoping vir verspreiding van Bybels vind plaas op ***DINSDAG 3 NOVEMBER*** vanaf 06:30. U kan nou reeds u kaste nagaan en wat nie meer vir u van nut is nie, sal vir iemand anders nog handig te pas kom.

Ria Maree, Fitzpatrickweg 21 (664-3364) en Dries van der Merwe, Van Riebeeckln 149 (664-2469) ontvang graag hierdie artikels.

Hou asseblief Maandag 2 November oop en kom help ons om die artikels te merk in die Gemeentesentrum vanaf 09:00.

GRACE MANNA
Brood van Genade

"Ek was honger en julle het my iets gegee om te eet …" (Matt 6:35)

Elke dag ly talle mense in ons omgewing honger. Ons sien hulle en wil graag help maar weet nie hoe nie. Grace Manna is ons gemeente se voedselprojek waardeur ons elke Dinsdag-, Woensdag- en Vrydagoggend aan ongeveer 70 mense iets gee om te eet. Hulle word ook terselfdertyd geestelike bedien deurdat daar vir hulle gebid word en die evangelie van God se genade en liefde hoor.

'n Volgende fase is werkskepping. Sommige van die mense wat so bedien word, het vaardighede waarmee hulle werk kan kry. Ons wil hulle daarmee help. Ander kan weer verder opgelei word in tuinbou, verfwerk, pleister— en messelwerk asook ander vaardighede.

Hoe kan ek help om hierdie projek van krag tot krag te laat gaan?

Bid, Gee, Dien

BID

Ons sal dit baie waardeer indien jy elke dag hierdie projek aan die Here kan opdra. Bid dat sy liefde op talle maniere getoon sal word en dat mense daardeur aangeraak sal word.

GEE

⇒ Skenk kos in die vorm van brood, eiers, koffie, tee, melk suiker.

⇒ Maak 5 liter roomysbakke vol sop en vries dit.

⇒ Vind borgskappe of gee kontant sodat kos aangekoop kan word.

DIEN

⇒ Berei kos by die huis voor (smeer brood, kook eiers ens.)

⇒ Help op Dindag- , Woensdag– en Donderdagoggende vanaf 06:30 om kos te bedien en / of vir die mense te bid.

⇒ Help met die opstel van 'n databasis van vaardighede.

KONTAK: Retha Wessels 0827720955

ONTDEK JOU POTENSIAAL

7 November 2009
08:00—16:00 in gemeentesentrum

Is ek in die regte beroep / werk? Is ek besig om lewe ten volle te leef? Is ek besig om my talente te ontwikkel en te gebruik? Weet ek wat my sterkpunte is en gebruik ek dit ten minste 75% van elke dag? Wat is my gawes en hoe het die Here my persoonlikheid aanmekaar gesit. Waar kom my persoonlikheid en talente vandaan? Word ek daarmee gebore of wat? Kan ek dit verander?
Kom ontdek die antwoorde op hierdie vrae deur in te skryf by hierdie werkswinkel.
Koste: R290 per persoon (sluit kursusmateriaal en 'n middagete in)
Deelnemers moet voor die tyd 'n toets op die internet doen en die resultate na die werkswinkel saambring.

EREDIENSBEDIENING

Doel: Om God te eer en te verheerlik deur ons eredienste so in te rig dat almal wat dit bywoon 'n ontmoeting met die lewende God sal hê.

Om hierdie doel te bereik is dit nodig om almal en alles wat by die erediens betrokke is saam te snoer binne een bediening sodat beplanning en uitvoering glad en effektief kan geskied. Die volgende aspekte moet aandag geniet:

- Beplanning vir elke erediens volgens die kerklike jaar
- Beplanning vir spesiale boodskapreekse
- Klank en projeksie
- Sang en musiek
- Spesiale geleenthede, byvoorbeeld sangdienste, doop, nagmaal, belydenis-aflegging ens.
- Blomme en ander dekor en versierings
- Simboliek (blomme, kerse, kruise, kanselklede, baniere ens.)

Hier is baie ruimte vir lidmate om met hulle talente en gawes betrokke te raak!

VOLGENDE BYEENKOMS: Maandag 19 Oktober 19:00 in die gemeentesentrum

Gemeentestruktuur

Die doel van die struktuur van die gemeente is om ons visie, *Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader,* so effektief as moontlik uit te voer. Dit is daarop gemik om dissipels te maak wat baie vrugte dra en is derhalwe gebou rondom vyf kernprosesse. Elkeen van hierdie prosesse is gefokus op een aspek van die vorming van dissipels. Vir dissipels om gevorm te word moet daar vyf dinge gebeur:

- hulle moet gewerf word,
- hulle moet versorg word,
- hulle moet toegewyd gemaak word,
- hulle moet toegerus word vir dienswerk en
- hulle moet uitgestuur word om God se liefde uit te dra.

Om dit te doen is vyf prosesse ontwikkel wat deur onderskeie bedieninge van die gemeente ondersteun word: Die prosesse is:

- die *inkomproses* (wat mense deel maak van die gemeente),
  - ⇒ Die Alpha– kursus, gasvryheidsbediening, gesins– en kinderbediening, Oppokoffie, nuwe intrekkerbediening, Parknaval en ander evangelisasie projekte.
- die *versorgingsproses* (wat mense wat deel is van die gemeente versorg),
  - ⇒ Die omgeebediening (hospitaal– en siekebesoek, traumabediening, berading—o.a. telefoon en e-pos), gebedsnetwerk, helpmekaarbediening, begrafnisbediening, Klub Immergroen en ander soortgelyke bedieninge)
- die *toewydingsproses* (wat lidmate help om naby aan die Here te leef),
  - ⇒ Beplanning van eredienste (sang en musiek, klank en projeksie, blomme en simboliek, spesiale sangdienste ens.), bidure en Bybelstudiegroepe, gebedsbediening
- die *toerustingsproses* (wat toegewyde lidmate help om hulle potensiaal te ontdek),
  - ⇒ Ontdek jou Potensiaal werkswinkel en leierskapontwikkelingsprogram
- die *uitstuurproses* (wat toegeruste lidmate uitstuur om vrugte te gaan dra en 'n verskil te gaan maak in hulle wêreld.)
  - ⇒ Voedselprojek (Grace Manna), Bybelverspreiding, Aksie Arbeiders vir die Oes (Kruiswegkoffiekroeg, Straatkinderrehabilitasiesentrum, Matlala uitreike)

Hierdie prosesse word gekoördineer deur die *Bedieningspan,* en ondersteun deur vyf taakgroepe: Taakgroep vir Eiendom, Taakgroep vir Finansies, Taakgroep vir Administrasie, Taakgroep vir Kommunikasie en die Taakgroep vir Personeel (wat op hulle beurt weer deur die *Bedryfspan* gekoördineer word).

Die Bedieningspan en die Bedryfspan word bestuur deur die Bestuurspan. Die Bedieningspan vergader elke tweede Maandagaand en die Bedryfspan en die Bestuurspan om die beurt die ander Maandagaande.

TUINBOUPROJEK

Help om ons gemeente se tuin iets van die Here se liefde en heerlikheid te laat uitstraal.

Raak betrokke deur:

- ⇒ Jou hulp en vaardighede beskikbaar te stel.
- ⇒ 'n Tuinwerker teen R100 per dag te borg
- ⇒ Jou kundigheid aan te bied

Ons wil graag onder andere 'n stilwordplek skep asook 'n muur van herinnering.

Kontak Gerda Odendaal (0828599340) of Helét van der Walt (083 5560532).

IN AANSLUITING BY BOGENOEMDE:

Ons tuin by die kerk en gemeentesentrum is besig om 'n gedaanteverwisseling te ondergaan! Ons soek plante – o.a

Agapanthis, Clivias, Daglelies, Irisse – enige ander plante wat mooi sal vertoon is ook welkom.

Skakel Gerda Odendaal of Helét indien u kan help.

As deel van die Parknaval bied ons gemeente 'n vertoning aan in die Centurion Teater deur

MATTHYS ROETS

Op Vrydag 20 November

Kaartjies teen R120.00 per persoon is verkrygbaar by

Kobus Badenhorst sell no 083 235 1084.

Besonderhede oor 'n kaas en wyn geleentheid na die vertoning sal binnekort volg.

Gemeente-struktuur soos goedgekeur tydens die jongste kerkraadsvergadering